



HONSBEd OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING INLIGTING

Programbeskrywing

Hierdie program behels 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing. Die huidige benadering is om leerondersteuning te bied ten einde die diverse behoeftes van leerders in die raamwerk van 'n inklusiewe opvoedkundige pedagogie te hanteer. Die inhoud is dus nie voorskriftelik nie, omdat leerders asook hul kontekste verskil. Studente word toegerus om op 'n nagraadse vlak tot besinnende praktisyns te ontwikkel.

Die fokusareas van die program is:

- Interpretatiewe navorsing
- Volwasse-leer en -ondersteuning
- Leer en kognisie
- Leeruitdagings
- Leerondersteuning
- Navorsingsprojek

Die doel van die program

Hierdie program poog om studente toe te rus om betekenisvolle deelname vir alle leerders in inklusiewe onderwysstelsels en gemeenskappe te bewerkstellig. Verder is die doel om 'n samehangende en kritiese begrip van die omvang en die onderliggende beginsels van onderwys en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar, te verseker. Dit berei studente voor om diverse en unieke leervermoëns en leeruitdagings te identifiseer en te hanteer.

Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die program word in 'n gemengdeleer-en-onderrig-modus aangebied. Daar is ten minste twee telematiese uitsendings en ook aanlyn kommunikasie. Die program kan in een jaar voltyds of oor twee jaar deelyds voltooi word. Voornemende studente doen voor 31 Julie van die voorafgaande jaar aansoek.

Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n sekondêre Onderwysdiploma of -sertifikaat (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD);
of
- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n primêre Onderwysdiploma (bv. POS, POD, HPOD);
of
- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n Onderwyskwalifikasie wat na die oordeel van die US Senaat as voldoende geag word;
of
- 'n Vierjarige geïntegreerde onderwysgraad;
of
- 'n Ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie (wanneer die student se akademies-toepaslike beroepservaring dit regverdig), wat vir die doel van toelating deur die US Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjarige baccalaureusgraad of 'n drie jaar baccalaureusgraad geag word (aanvullende Opvoedkundestudie kan van sodanige kandidate vereis word voor toelating);

of

- Erkende vierjarige naskoolse opleiding, wat 'n professionele Onderwyskwalifikasie insluit.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Minimum van ten minste een jaar formele onderwyservaring
- 'n Minimum gemiddeld van 65% in die finale voorgraadse studiejaar word vereis.

Seleksie

Hierdie is 'n seleksieprogram

Seleksie vind jaarliks plaas na Julie.

'n Maksimum van DERTIG student sal jaarliks tot die program toegelaat word.

Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **31 Julie** in die jaar voor toelating of **30 Junie** vir internasionale studente.

Verdere bepalinge in verband met toelating tot die HonsBEd-programme

Aansoekers moet 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar van hul toepaslike voorgraadse studie behaal het.

Die Fakulteit verwag dat voornemende studente minstens toegang tot 'n rekenaar en die internet sal hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:

- Toegang tot SUNLearn-modules en deelname aan die verskillende leeraktiwiteite
- Gebruik van elektroniese bronne van die US-biblioteek
- Stuur en ontvang van e-posse
- Generering en elektroniese inlewering van werkopdragte.

Seleksie

Weens die gewildheid van hierdie program en die beperkte kapasiteit van die Departement sal 'n maksimum van **DERTIG** studente in 2018 tot die program toegelaat word.

Aansoeke vir die 2018-inname sluit 31 Julie 2017

DOEN AANLYN AANSOEK: <http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alg.jsp?TI=1>

Studente sal teen die einde van September 2017 van die uitslag in kennis gestel word.

Vir verdere programinligting:

- Besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Opvoedkunde.pdf>
- Kontak SU Kliëntediens by info@sun.ac.za / 021 808 9111
- Kontak die Fakulteitsbeampte by eel@sun.ac.za / 021 808 4831 (huidige US-studente)
- Kontak die Departementele Administrateur, mev S Botha (sonjab@sun.ac.za / 021 808 3502), of die programkoördineerder, dr Lorna Dreyer (lornadreyer@sun.ac.za)
- Besoek die Departement Opvoedkundige Sielkunde se webtuiste by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/educational-psychology/Pages/default.aspx>